

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 50**

**10 Desember 2023**

## PROFETIESE GESKENKE VIR DIE KONING

Vir duisende jare voor Jesus se koms na die aarde het die Joodse volk hul Messias verwag. Net soos vandag, was daar in daardie tyd sterrekykers wat die sterre en tekens noukeurig bestudeer het en op die uitkyk was vir enige buitengewone verskynsel in die hemelruim wat groot gebeurtenisse op aarde sou aankondig.
Die hemele getuig iets groots het in Israel gebeur. ‘n Vreemde maar besonderse ster het in die lug verskyn. En díe ster het hulle na Bethlehem toe gelei. Hulle het daarheen vertrek met goud, wierook en mire.
**Goud** is ‘n geskenk vir ‘n koning. In die tabernakel en tempel was al die meublement in die Heilige en Allerheiligste met goud oorgetrek of van soliede goud gemaak. Dit het gedui op God se heerlikheid, heiligheid en teenwoordigheid in die plek waar H yonder Sy volk kom woon het. Duisende jare later kom stel Jesus Sy Liggaam voor as die Tempel van God waarin die Heilige Gees in Sy volle heerlikheid kom woon het. Hy is gebore as die Koning – van die Jode en die heidennasies. “ Op Sy klere by Sy heupe, was daar ‘n Naam geskrywe: “Die Koning van die konings en die Here van die heersers” Op 19:16. Die goud bevestig Jesus se amp as Koning.
**Wierook -** van lof, aanbidding en voorbidding. Die hoëpriester by die tabernakel het wierook by die goue wierookaltaar in die tent van ontmoeting aan God geoffer.
Ons weet dat die tabernakel wat God vir Moses laat oprig het, ‘n aardse afbeelding was van die een in die Hemel. In Openbaring 8:3-4 lees ons:’ ‘n Ander engel het toe gekom en by die altaar gaan staan met ‘n goue wierookbak. Daar is baie wierook aan hom gegee om dit saam met die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor die troon te offer. Die rook van die wierook wat deur die engel geoffer is, het saam met die gebede van die gelowiges opgestyg voor God.” Daarna het hierdie gebede ‘n groot uitwerking op die aarde gehad. Die wierook stel dus lof, aanbidding en voorbidding (gebed) voor.
**Mirre** is onder meer vir salfolie gebruik. Die Here het vir Moses duidelike instruksie gegee om gewyde salfolie te maak. Moses moes die hele tabernakel daarmee salf
en aan God toewy. Maria het Jesus se voete ‘paar dae voor Sy kruisiging met ‘n duur parfuumolie, wat waarskynlik mirre bevat, het gesalf. Volgens Jesus het sy Hom vir Sy begrafnis gesalf. Hy is gesalf en toegewy vir die groot taak waarvoor Hy aarde toe gekom het. Toe Jesus sterf, het Josef ‘n mengsel van mirre en aalwyn gebring en hulle het Jesus se liggaam met die geurolie behandel en in doeke toegedraai.. Buiten dat die mrire duursaam was en heerlik geruik het, het die geskenk heengewys na die uitsonderlike dood wat Jesus eendag sou sterf: dat Hy as Profeet God se boodsakap van verlossing sou word.

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons skoliere en studente. Dat hulle hulle hoop in Christus sal vind.
- Vir Eskom, water krisisse, onrus en nood in ons land.
- Vir almal wat met vakansie gaan.

**Gebedsversoeke**

| | |
|---|---|
| Lottie Conradie | Frik Blom |
| Maria Steyn | Ria Putter |
| Oom Sampie Swart | Tannie Martie de Beer |
| Jaco Steenkamp | Monty Pienaar |
| Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| Louis Strauss | Piet Pretorius |
| Annika Killian | Sumari Pretorius |
| Leonie Kruger | James Vermaak |
| Albert Glockzin | Annatjie Pienaar |
| Jillian Jansen | Rudi Kruger |
| Willie Britz | Jaap Naude |
| Tilly van Huysen | Flippie Roslee |

**Gedagte vir die week**

**Op 1:6…en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God Sy Vader…**

**Stuur Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org